



Die Delta Drone-Tuks se vrouesewesrugbyspan het die Soweto Eagles Saterdag op Loftus Versfeld met 42-0 geklop.

## Vrouesewesspan wen op Loftus

**Wilhelm de Swardt**

Die Delta Drone-Tuks se vrouesewesrugbyspan het Saterdag die eerste keer kans gekry om die Bulls se toeskouers met hul vaardighede te beïndruk toe hulle in die hoofvoorwedstryd op Loftus teen die Soweto Eagles gespeel het.

Die Tukkie het hul onoorwonne status in plaaslike rugby behou deur 42-0 te wen.

Libbie Janse van Rensburg (kaptein) was die groot uitblikker. Sy het twee drieë gedruk en met ses doelskoppe geslaag.

'n Mens sou dink dat 'n span wat al oor die wêreld heen aan toernooie deelgeneem het nie meer maklik geïntimideer raak nie, maar Van Rensburg bieg dat hul sentuure aanvanklik maar gelol het.

"As jy in die middel van Loftus se A-veld staan, lyk die paviljoene baie groter. As speler voel jy maar klein en nie-tig. Dit het veroorsaak dat ons die eerste twee minute swak gespeel het, maar toe ek en my spanmaats ontsan, het dinge

beter gegaan. Die skare het dinge makliker gemaak deur telkens hard te juig wanneer ons deurbreek het om 'n drie te druk.

"Vanuit 'n persoonlike oogpunt was die wedstryd ook 'n hoogtepunt. Dit was nog altyd my doelwit wanneer ek op Loftus speel om met elke doelskop te slaag. Ek het dit reggekry. Dit was spesiaal."

Van Rensburg is dankbaar vir die geleentheid om die hoofvoorwedstryd op Loftus te kon speel. Volgens haar is dit 'n goeie manier om vrouesewesrugby te bevestig en weg te doen met vooropgestelde idees en wanopvattinge wat dalk daarmee gepaardgaan. Daar is klaar sprake dat Delta Drone-Tuks later weer die kans sal kry.

Dié span vertrek aanstaande maand na Europa om aan twee toernooie in Frankryk en een in Spanje deel te neem.

Van Rensburg sê reguit dat sy en haar spanmaats baie beter sal moet speel as hulle hulself wil laat geld.

Tuks het verlede jaar die Stanislas-sewestoernooi in Frankryk gewen.